Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

12 Julie 2024

ROER-JOU-VOETE-LIEDJIEFEES

Ons Roer-Jou-Voete-Liedjiefees vind plaas op 13, 14 en 15 Augustus 2024. Oefening is wel aan die gang en ons leerders oefen baie hard vir die spog geleentheid.

REËLINGS

- ✓ Al die vertonings gaan oorbaan plaasvind op 'n buitelug verhoog.
- ✓ Alle deelnemende leerders moet by al drie aande se optredes wees.
- ✓ Leerders moet tussen 16:30 en 17:00 by hul voogklasse aanmeld.
- ✓ Leerders meld aan in hul lang blou demin, t-hemp en baadjie. Hul Liedjiefeeshemp en -bykomstighede sal in die klasse uitgedeel word.
- ✓ Hekke open reeds om 16:30.
- ✓ Die vertoning begin om 18:30 en behoort teen 20:00 klaar te maak.

- Graad 1 – 3 :
  - ✓ Leerders kan direk na afloop van hulle optrede by hul klasse afgehaal word.
  - ✓ Geen kind gaan toegelaat word om die klas te verlaat alvorens u nie hom/haar by die klas kom uitteken nie.
  - ✓ Toegang tot die skoolterrein om u kind af te haal, kan verkry word deur 30ste Laan se naskoolhek
  - ✓ U kind se veiligheid is vir ons baie belangrik. Leerders wie se ouers die Liedjiefees bywoon op 'n spesifieke aand, sal in hul voogklasse bly totdat die vertoning klaar is.
- Graad 4 – 7:
  - ✓ Leerders kan na afloop van die vertoning afgehaal word by hul voogklasse.

KAARTJIEVERKOPE

- ✓ Kaartjies sal vanaf Maandag, 15 Julie 2024 slegs by die skoolkantoor beskikbaar wees.
- ✓ Kaartjieverkope sluit die dag van die optredes om 14:00.
- ✓ Slegs kontant- of kaartbetalings sal aanvaar word. *GEEN EFT-BETALINGS NIE.*

- Koste per kaartjie beloop as volg:
  - *"Golden Circle" kaartjies*
    - ✓ R150 per stoel/kaartjie (Ongeag ouderdom).
    - ✓ Spesieke sitplekke word uitgesit en stoele word voorsien.
    - ✓ Die kaartjie sluit 'n klein bederf op elke stoel in.
  - *Volwassenes en hoërskoolleerders (14 jr – 18 jr)*
    - ✓ R100 per kaartjie.
    - ✓ Toeskouers bring hul eie stoele.
  - *Laerskoolleerders (6 jr – 13 jr)*
    - ✓ R50 per kaartjie.
    - ✓ Toeskouers bring hul eie stoele.

- *Parkeerkaartjies*
  - ✓ R50 per voertuig.
  - ✓ Kaartjies word daardie aand by die hek (30ste Laan oorbaan) verkoop op 'n "1st come, 1st serve" basis.
  - ✓ Binne parkering vir voertuie oorbaan op die B-rugbyveld.

KOSBESTELLINGS

- ✓ Toeskouers wie wil, sal die geleentheid kry om vooraf kos te bestel vir die geleentheid.
- ✓ Let wel: Eie kos mag wel op die aande gebring word.
- ✓ Bestelvorms vir belangstellendes sal saam met die kaartjieverkope uitgedeel word.
- ✓ Slegs kontantbetalings vir kosbestellings sal aanvaar word. GEEN KAART- OF EFT-BETALINGS.
- ✓ Alle kosbestellings moet voor/op Woensdag, 7 Augustus 2024 by die kantoor ingehandig word.
- ✓ U sal 'n sms ontvang met 'n bestelnommer om u bestelling te bevestig.
- ✓ Die etes kan die aand van die optrede by die sportsaal oorbaan afgehaal word vanaf 16:30 – 18:15.

- Opsies:
  - ✓ Hoender, blaarslaai en kaas wrap R40
  - ✓ Vetkoek met maalvleis R45
  - ✓ Kerrie en rys R50

SNOEPIE EN KOFFIESTALLETJIES

- ✓ Die snoepie oorbaan en koffiestalletjies sal oop wees vanaf 16:30 tot 18:15.
- ✓ Koeldranke, skyfies en lekkernye sal by die snoepie verkoop word.
- ✓ Daar sal slegs 'n beperkte spyskaart die aand van die vertonings by die snoepie wees, daarom moedig ons u aan om eerder vooraf kos te bestel.

Dit beloof om 'n groot fees te wees vir oud en jonk. Kom ontspan en sien weer hoe ons Villies die lewe geniet. Nooi jou ouma, oupa en sommer die bure ook. So, kom sing, lag en dans saam en word weer geïnspireer deur die mooi van kindwees.

Villiesgroete